

Skriflesing: Markus 13: 24-32

Teks: **Markus 13:28-29**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 24:1,3

TYDENS EREDIENS: Ps. 149:1,2; Ps. 119:7,33 Ps. 61:2,6; Sb. 5-4 (10): 1,4

Markus 13: 24-32

Mar 13:24 Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie,

Mar 13:25 en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word.

Mar 13:26 En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid.

Mar 13:27 En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.

Mar 13:28 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.

Mar 13:29 So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur.

Mar 13:30 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

Mar 13:31 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Mar 13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

Skriflesing: Markus 13: 24-32

Teks: **Markus 13:28-29**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 24:1,3

TYDENS EREDIENS: Ps. 149:1,2; Ps. 119:7,33 Ps. 61:2,6; Sb. 5-4 (10): 1,4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons in hierdie tye die voorlaaste keer in die reeks

uit die Profetiese Rede die Woord van die Here oopmaak, dan kom dit voor of Jesus antwoord

eintlik nou eers direk die vrae wat aan die begin gevra was. U onthou heel aan die begin was

daar drie groot vrae wat die viertal dissipels daar teen die hange van die Olyfberg ons Here wou

vra. Hulle wat so verslae, so deurmekaar, so verward Jesus hoor sê het dat die tempel gaan geen

klip eendag oorbly nie. Die tempel waarvan hulle geglo dat daarsonder kan God nie gedien word

nie, Jesus wat sê daar gaan geen klip daarvan oorbly nie. Hoe verskriklik so 'n stelling vir elke

dissipel moes wees, kan ons ons net probeer indink.

Dan vra hulle vir Jesus *wanneer* sal dit wees en direk hiermee saam, vra hulle nie net die

tydsvraag nie, maar ook die *tekenvraag*. Wat sal die tekens wees. Hulle aanvaar so 'n

verskriklike ingrypende saak soos die tempel wat verwoes gaan word, daar sal moet tekens wees

wat daarop dui hierdie gebeurtenis is aan die kom en hulle wil weet wat sal die tekens wees as

hierdie verwoesting dan gaan plaasvind. Die dissipels het in hulle vrae regtig groot denkfoute

gemaak, foute wat ons ook so maklik kan maak. Hulle maak 'n fout deur te aanvaar die einde

van hulle tempel sou tegelyk die einde van hierdie wêreld moes beteken. Hulle koppel die twee

so sito-sito aanmekaar, want het hulle die Her gevra – Ons lees dit in Mattheus 24 vers 3 hoe

hulle dinge aanmekaar koppel wat nie sommerso maklik aan mekaar verbind kan word nie - 3... *Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?* Hulle spring van die verwoesting van die tempel gewoon oor na die einde van die wêreld. Die tempel se einde, Jesus se wederkoms en die einde van die wêreld maak hulle logies een saak, hulle soek 'n teken aan al drie hierdie gebeurtenisse gelyk verbind want alles dui vir hulle op een gebeurtenis ... een aaneenlopende lys gebeure, wat beslis nie so maklik net 'n reguit lyn vorm soos hulle wou dink nie.

Geliefdes kom u agter hoe ons mense is en hoe maklik ons kan dink, die ineenstort van ons ou wêreldjie moet noodwendig beteken God se wêreld gaan ook ineenstort. Dis 'n groot sprong, inderwaarheid 'n groot denkfout. Ons het eintlik 23 verse moes lees wat dit lyk Jesus antwoord nie regtig die dissipels se vraag nie, maar tog gaan Jesus uiteindelik by 'n antwoord van hulle vraag uitkom, maar in wat Jesus doen, is om vir hulle te sê – gee eers kans. Kyk eers na meer dinge, kry die groter prent voor oë. Julle vraag wat op die oor af klink na 'n eenvoudige vraag te wees het glad nie só 'n eenvoudige antwoord nie. Jesus moet eers bepaalde denkfoute in hulle vraag regstel voor die werklike antwoord reg gehoor en reg toegepas sal kan word.

Die deel wat ons dan vandag verkondig staan nou al nader aan 'n reguit antwoord op 'n vraag wat ook eers reguit gemaak moes word. Hulle wat gevra het 'n *tydsvraag* en toe 'n *tekenvraag*. Vandag kom ons agter, Jesus draai dit om. Daarin sit ook al bepaalde goddelike wysheid. Jesus gaan eers iets van 'n bepaalde teken na vore bring, alhoewel daar al baie tekens genoem was en daarna sal Jesus kom by die tydsaspek, die deel wat gaan oor *wanneer* sal hierdie dinge dan wees. Jesus se antwoord op hulle tekenvraag word deel van wat Jesus dikwels groot sake met gelykenisse aangedui het. Dit wat ons weet 'n gelykenis is, is God se manier om te antwoord met 'n aardse beeld maar met 'n hemelse toepassing. Of soos iemand dit gestel het gelykenisse is 'n aardse storie met hemelse betekenis. In die slottonele en bedrywe van die Profetiese Rede gaan Jesus nie minder nie as drie gelykenisse die wêreldtonele inbring. Jesus bring die dinge nou nader na die einde.

Toe ons ook die Profetiese Rede begin het- Markus 13 vers 14-23 toe was dit soos 'n voëlvlug. Jesus gee eers 'n geheeloorsig en maak hier en daar 'n dieptesnit van hoe sekere dinge in die

wêreldgeskiedenis sal afspeel. Iemand noem dit die *eerste bedryf*, maar nou sien ons, so 'n bedryf bestaan ook uit verskillende *tonele*. Die eerste bedryf het inderdaad twee groot tonele wat gaan afspeel. Markus 13 vers 5-8 wys hoe die wêreld gaan brand, dis alreeds verskriklike dinge wat sou plaasvind, en die ware Kerk sal in hierdie eerste bedryf reeds baie swaar kry. Die ware godsdiens en ware Kerk word dan alreeds drasties aangetas. Die mense kom in beroering, ja dan reeds lyk dit of die natuur in duie wil stort. Tog is dit maar alles nog deel van die eerste bedrywe in hierdie wêreld, dis maar nog van die eerste tonele, dit beteken nie noodwendig die wêreld se einde is alreeds ophande nie, al was die tempel se einde wel ophande.

Die eerste bedrywe in die wêreld het 'n baie belangrike tweede deel, ja 'n baie belangrike tweede toneel in die wêreld se eerste bedrywe, waarmee ons vandag nog net so intens en dringend mee besig moet wees asof ons gister eers daarmee begin het. Aan die noodsaak en dringendheid hiervan mag niemand twyfel nie. God se Woord moet verkondig word. Te midde van al die verskriklike dinge wat in die wêreld gebeur, oorloë, hongersnood, pessiëktes, plaë wat die aarde gaan tref, aardbewings, droogtes, oorstromings, vyandskap haat, noem maar op, alles bedrywe en tonele ook in die wêreld waarin ons is, tog moet ons as Kerk altyd besig wees met wat Markus 13 vers 10 profeteer- *En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word ...* Uit onself sal ons nooit hierdie einddoel bereik nie, dis ook alleen God se werk. Maar dat God ons roep en toerus, dat God wil dat ons die Woord aan soveel mense as moontlik moet verkondig, daarmee mag ons nie ophou nie, daarmee mag ons ook nie laks wees en maak asof God is darem seker nie regtig ernstig as Hy dit sê nie.

Dit was die eerste bedryf wat die dissipels in verskillende tonele reeds moes verreken. Toe het Jesus ook gekom met 'n tweede bedryf wat ook met verskillende tonele in hierdie wêreld gaan afspeel. Dit was Markus 13 vers 14-23. Hierin is ook verskillende tonele wat vir ons hierbinne na vore gaan kom. Eers weer 'n baie swaar toneel wat sekerlik met die eerste tonele uit die eerste bedrywe van die wêreld saamhang. Hierin gee die Here ook swaar opdragte, daar is die tye wat jy sal moet vlug, want die gruwel van verwoesting dwing jou daartoe, ja die groot verdrukkinge wat daar in die wêreld gaan wees, dwing jou daartoe. Ek sal nie teëstand kan bied nie, ek sal maar net moet vlug. Tog is dit nie al wat die wêreld in sy tweede bedryf en in sy verskeie tonele die wêreld gaan indryf nie, want terwyl daar gevlug word, kan daar soos met die

eerste bedryf ook baie positief gewerk word. Jy moet bid en jy moet waak. Nie net vlug nie, maar ook bid en waak- terwyl die Woord aan alle mense verkondig moet word. Bid dat julle vlug nie in die winter sal plaasvind nie, tog moet ie ophou om die Woord te verkondig nie, bly waak, bly wakker – *wees op julle hoede ...*

Ja, dis swaar maar tog kan daar gebed word en kan daar gewaak word. Die waak waarby ons ook verlede Sondag gekom het. As Jesus dan direk hiermee die grondtoon van sy Profesie uitlig dat ons op ons hoede moet wees, altyddeur op jou hoede want dat misleidinge gaan plaasvind, valse boodskappe en valse kerke gaan al meer word, valse christusse gaan verkondig word, daar gaan baie valsheid wees, selfs mense wat tekens en wonders sal kan doen. Al wat ons redding dan sal wees, is nie wat ons doen nie, maar dit wat God reeds gedoen het. Al wat ons kan red is die feit dat God ons uitverkies het. In Christus reeds verlos, ons is uitgekoop, daar is vir ons betaal. Terwyl nog weer en nog weer gruwels van verwoesting die wêreld sal tref en daar nie maar net een groot verdrukking die wêreld sal tref nie. Die pandemie in hierdie dae is ook weer 'n bevestiging van wat Jesus geprofeteer het.

Tog hou ons wel ook in gedagte dat daar nog 'n groot verdrukking sal kom wat die wêreld nog nooit die gelyke daarvan gehad het nie. Wanneer en hoe dit sal wees, mag ons nie oor wil spekulêer of van ons kant allerhande voorspellings wil maak met dinge wat Jesus ons tog vooruit gewaarsku het maar daar is geen datum en tyd daaraan gekoppel nie. Jesus het wel bepaalde beloftes daaraan verbind. Dit is dae so verskriklik dat as God die dae in sulke tye nie verkort nie, sal niemand dit maak nie. Direk hiermee saam sal die groot troos weereens wees, dat ek seker kan weet ek is God se kind. Hy het my uitverkies, Hy sal wat Hy eenmaal in ons harte gegee het nie verlore laat gaan nie.

Terwyl die tweede toneel oor die wêreld aan die gang is, het Jesus selfs 'n derde bedryf na vore gebring (Mark 13:24-27), waar die mens in 'n sekere sin uit die prentjie verdwyn. Die sterre liggame, die planete, kosmies katastrofes word in hierdie derde bedryf voor oë gebring, die son verduister, die maan die sterre voer bewegings uit wat die wêreld nie aan gewoond sal wees nie. Sterre val uit die hemel, planete spat uitmekaar. Daar kom kragte wat die aarde en die hemel skud. 'n Hemelse tsunami wat die aardsgrense ook sal skud. Dit sal wil lyk of die heelal

ineenstort. In hierdie derde bedryf word niks van die mens gesê of enige opdragte of verwagtinge of beloftes aan die mens gemaak nie, nee die eerste twee tonele waar elk ook uit twee bedrywe staan, daar was die mens direk ingebring. Nou gebeur dinge heeltemal buite die mens se beheer, maar tog sal dit dinge wees wat die mens op sy voete ruk, maar in alle geval dan is dit te laat. Die mens wat nie deur die eerste twee tonele elk weer met sy eiesoortige twee bedrywe geraak was nie, sal by die derde bedryf van die tweede toneel inmekaar stort, maar sal nie kan vlug, kan bid of kan waak nie, hulle sal hulle nie kan bekeer nie, want dan sal dit te laat wees. Daar sal geen omdraai meer kan wees nie. Dit wat oor die mens sal kom, sal eenvoudig oor die mens kom sonder dat ons enigiets aan onself of aan die grote kosmos sal kan verander. Praatjies en waarskuwings oor aardverwarming en die verwoestende effek van 'n virus in die wêreld is dan maar net kleiner dele van 'n baie groter chaos wat oor alles sal losbreek. In die derde bedryf bly daar niks meer oor om dit te probeer korrigeer nie. Elke mens sal weet Jesus is in aantog en voor Hom sal almal moet kom. Die werklike skeiding tussen Sy skape en die bokke van hierdie wêreld is deel van baie ander skeidings wat hier gaan plaasvind.

Geliefdes, Jesus profeteer dit alles op een middag, terwyl dit duisende jare kan wees wat hierdie Dinsdag-middag in woorde afspeel. Dis asof die heelal, die kosmos in al hoe groter dele voor ons kom en elk raak ons direk. Ons sal nie net toeskouers kan wees en maak asof dit ons nie direk gaan raak nie. Daardie fout het die dissipels gemaak, hulle wat inligting vra maar nie eers oorweeg wat moet ek gaan doen met die inligting wat God my gee nie. God laat in Christus dit nie toe nie. Ons kry inligting maar ook opdragte en waarskuwings en beloftes wat nie net ons lewens aanraak nie, maar wat ek daarmee gaan doen, kan en moet 'n ingrypende verandering van jou en my lewe teweegbring. Dit wat my lewe in hierdie tyd was en dit wat my lewe na die impak van die Profetiese Rede sal moet word, is van toepassing.

As mense sê ons lewens sal na die Covid-19 pandemie nooit weer dieselfde wees nie, dit wat ons in Jan, Feb. 2020 van hierdie jaar oor ons toekoms gedink het en dit wat in hierdie tye oor die toekoms gepraat word, is mos ook nie dieselfde nie. Soos 'n pandemie 'n geweldige invloed kon uitoefen, hoeveel te meer as God deur die virus in hierdie wêreld met ons praat, 'n plaag wat die wêreld getref het, hoe raak dit werklik my verhouding met God en wat Hy aan verkondig, dit wat Hy aan ons geprofeteer het. Hierdie kort profesie, hierdie kort gelykenis, die impak van net

enkele woorde, wat sê dit vir jou - 32 *En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.* 33 *So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.* Dis asof ons skielik in die gewoon aardse teruggebring word. Eenkant verskriklike dinge wat gepraat word en dan skielik verander die stemtoon na dit wat by 'n vyeboom gesien kan word. Ja die Maandag van Jesus se laaste week voor die kruis was ook 'n vyeboom ter sprake. Toe het Jesus 'n vloek oor 'n vyeboom uitgespreek- 'n Vyeboom wat oornag verdroog het. Sien Mark 11:12-14. Jesus spreek 'n oordeelswonder uit. Die enigste wat Jesus dit ooit gedoen het. Israel moes hulleself toe al aan die vyeboom erken en hulleself daaraan gemeet het. 'n Boom met klomp takke en blare maar geen vrug nie. Alles is skyn, dit vertoon goed, mooie pretensie maar geen vrug nie. Tog God wil vrugtebome hê, ook in sy Kerk, nie sierstruik nie. God se kinders moet betrokke wees, moet daders van die Woord wees, nie net pratere nie.

Dinsdag is dit nie nou 'n werklike vyeboom nie, maar Jesus sien die vy ook in die wêreld se laaste dae, of as Lukas die Profesie van Jesus verhaal dan bring hy ander bome hierby- Hy skryf *Let op die vyeboom en al die bome ...* Israel maar ook ons hier in die Noord-Kaap is met die gedrag van 'n vyeboom goed bekend. Party ander bome en plante het soms 'n manier om te gou te begin bot en uit te loop en dan kom daar 'n onverwagse koue en die bloeisels en klein vruggies is alles daarmee heen. Die vyeboom is tog anders. Wanneer die vyeboom sy jong groei uitstoot dan kan ons maar weet, die somer is nou hier. Die vyeboom is 'n betroubare duidelike teken van die somer kom, terwyl die amandelboom dit ook doen, 'n baie vroeë boom, van die vroegste in Israel as dit lentetyd begin word, maar so dikwels is die amandel te vroeg in die bloei terwyl die vy nog morsdood mag lyk. Die vy is wat die lees van die tekens betref net meer betroubaar as die ander bome.

In die vy spel God die naderende somer uit. Nou moet ons dadelik besef, somer in Israel en somer in Postmasburg moet anders na gekyk word. Israel kry winterreën, as die somer vir hulle kom dan is dit vir hulle swaar. Die mooiste maande is verby. Ek moet my al meer beskerm teen elke dag se verskriklike hitte en daar is nie reën, nie eers in vooruitsig as dit somer is nie. Dis warm weer en warm slopende winde en die droogtes kan erg raak. Jesus sien die vyeboom en die voortgang wat dit na die somer mag hê as 'n teken wat ons moet kan lees. Nie 'n lekker

teken vir die Jood nie, maar die natuur praat in die seisoene, dit wys vooruit, dit vertel van 'n naderende somer. As Jesus hierdie kort gelykenis vertel, dan sê Hy in vers 29 soos ons na die groeiende en bloeiende vyeboom kan kyk en die naderende somer kan verwag, wat dalk nie vir ons maklik gaan wees nie, so moet ons ook in hierdie dae na ons dae kyk. Vers 29 praat van dinge wat gaan gebeur, dan moet ons kan raaksien, die naderende koms van Christus, ja dat dit naby is, dat dit voor die deur is.

Nou het ons al in die reeks daarop gewys die meervuldige vervulling van hoe 'n profesie gelees en verstaan moet word. Dinge wat Jesus sê dit gaan gebeur en dat dit naby is, voor die deur, slaan sekerlik baie sterk op wat 70nC met Israel gebeur het. As Jesus praat van 'n geslag wat nie eers heeltemal uitgesterf het nie, dan sal van die dinge reeds in vervulling tree sien ons Jerusalem in sy verskriklike dae wat uitgeloop het op van die verskriklikste gebeure wat woorde nie alles kan beskryf nie. 40 jaar na Jesus na die hemel opgevaar het, het die verskrikkinge teen Israel in die tyd net toegeneem en nog meer toegeneem. Die geskiedskrywer Josephus, wat aanvanklik ook gedink het Israel sal kan standhou teen die Romeine se verskriklikste aanslae het gou besef ons plek gaan woes gelaat word. Presies soos Jesus geprofeteer het, julle plek word vir julle woes gelaat.

Ons besef vandag die volk wat Jesus gekruisig het, daar het oor hulle 'n somer gekom wat God sou wou hê hulle sag moet word. Daar 'n bekering moet kom, daar 'n groei moet kom, dat hierdie volk tot inkeer moet kom, maar die geskiedenisboeke verhaal hoe Israel hard gebly het en in sekere opsigte al hoe harder geword het. Die stam wou nie versag nie, die vrug het uitgebly in die blote feit dat hulle nie soos die ware christene Jesus as die uiteindelijke Messias, die Enigste wat ons kon verlos, wou erken nie. Hom het hulle gedood en wou nooit aanvaar Hy is die beloofde Messias van God nie. Uitdagend, uittartend het hulle gesê dat Sy bloed maar oor ons en oor ons kinders kom. Daardie bloed het oor hulle gekom, die Profetiese Rede staan in die teken daarvan, maar dieselfde Profetiese Rede staan ook in die teken van ons dae en wat ons moet doen en wat ons moet raaksien.

God se Koninkryk is reeds hier, maar dit is ook aan die kom. Niemand kan dit keer nie, soos niemand kan keer dat as God in die geestelike sin die vyeboom sag wil laat word, sal niemand dit

keer nie. Ons moet die tekens wil lees en dit ook reg wil lees. As Jesus werklik sy terugkoms, sy wederkoms beloof dan moet ons nie tyd daaraan wil koppel nie. Dit wat ander mense so maklik oor wil spot en andere ook weer daarvoor laat twyfel. Ons moet soos al die gelowige geslagte voor ons die wederkoms met groot verwagting en groot inspanning afwag. Ons geloof sal nooit hierin tevergeefs wees nie. Elke geslag moet gereed wees dat Jesus wel gaan terugkeer en dit moet ons altyd nog weer die Profetiese Rede laat lees en altyd nog weer op die uitkyk te wees vir die voorafgaande tekens en voortgaande tekens.

Daar gebeur baie dinge ook in ons tyd en ons wêreld, sonder om dit alles weer te noem, wat vir ons die naderende tyd aandui. Die somer wat kom, lees dit in die vyeboom wat nie noodwendig maanskyn en rose gaan wees nie, want ons moet nie dink die somer wat God aan die vyeboom verbind is 'n goeie somer en dan sal alles reg wees nie. Intendeel in die ware somer van die Profetiese Rede gaan dit baie swaar wees en sal ons eenvoudig net nugter en standvastig moet bly staan. Die tyd wat ons al meer aan die Woord van God moet vashou, ook ons as kerke se eeue oue belydenisskrifte moet in waarde groei, want soos iemand hieroor skrywe dat ons in staat sal moet wees om ook deur die somerhitte van die 21ste eeu sal moet wandel. Daar kom baie dinge op ons pad, ook dinge wat vernietigend kan wees, erg ontwrigtend, maar ons mag nooit toelaat om te dink dat alle hoop en vertrouwe nou ook daarmee heen is nie.

Die tekens van die versagtende vyestam wys op swaar maar ook op goeie dinge. As dit in Israel nie die sware somer was nie, dan sou hulle goeie winters ook nie kon aanbreek nie. Al is die vyeboom dit wat swaarkry in die somer, is dit 'n boom wat wel sy vrugte in die somer wil dra, ten spyte van en te midde van die swaar. So moet ons ook by die vyeboom nie net groot tekens raaksien nie, maar moet ons ook self soos die vyeboom wil wees, laat jou stam sag word, laat jou hart sag word, want die Heilige Gees wat dit laat gebeur dat daar uit jou lewe mandjies en mandjies ryp vye na vore moet kan kom. Mag ons die tekens van Jesus se naderende koms al beter raaksien, mag ons al beter daarop voorbereid wees. Mag die voorbeeld van die vyeboom ons dan ook goed laat nadink oor die tyd waarin ons nou is.

AMEN